

*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.

*In die party-politiek word gepoog om die volk se GUNS te verower.*





*In 'n volks-beweging word gepoog om die volk se VYAND te verower.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 1 JULIE 1942. No. 34.

# Kragtige Rede Oor Volkseenheid

## K.G. Toon Verskil Tussen Ossewabrandwag en Sy Majesteit se Partye

### Nadruk Val op Bloed plaas van Kruisie

**In onderstaande toespraak wat deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, te Springs op 20 Junie gehou is, word die strewe van die Ossewabrandwag as draer van die nuwe gedagte treffend gestel teenoor dié van die politieke partye wat deel is van die ou Britse stelsel. Ongeveer 5,000 mense het die vergadering bygewoon.**

Die Ossewabrandwag is aanvanklik deur sy vyande bestempel as ,,amalaita'', ,,disease carrying vermin'', nazis, vyfde-kolonners en wat dies meer sy. Dit was deur die Jingo- en Jode-element. Sedertdien is ons ook van ander oord ,,Duitse Sappe'' en ,,rampokkers'' genoem. Dit was deur dr. Malan en sy beroepspolitici.

**Die twee flanke het ontmoet en die logiese front word gevorm. Die parlementêre front van alles wat demokraties is, wat liberaal en parlementêr is, teenoor die nuwe ontwaking wat nie meer glo in partye en parlementêre setelboerdery nie. Wat in die volk glo as organiese geheel en wat in die enkeling die volksgenoot, die draer van die bloed wil sien en nie net die kieser wat elke vyf jaar 'n kruisie moet maak nie.**

Aan die een kant die Brits-parlementêre partystelsel met al sy gekyf en verdagmakery en verdeeldhede onder Afrikaners met die klem op die partygenoot — aan die ander kant die front van alle nasionale elemente wat klaar is met partyverdeeldhede en wat die volksheil sien in die solidariese volk wat saamgesnoer word in 'n christelike nasionale gesagstaat — **met klem op die volksgenoot i.p.v. die partygenoot.**

Oor die hele blanke wêreld, dwarsoor die Europese beskawing is die proses aan die gang of reeds voltooi.

In Duitsland het die swerm partye eers almal saamgespan teen die nuwe volkse ontwaking wat geskaar was om die oersimbool, die Hakekruis, en homself die Nasionaal-sosialisme genoem het. In Italië het dit gebeur met die beweging wat om die oersimbool, die ,,fasces'' van die Romeinse Ryk geskaar het en homself die fascismo genoem het. **En in Suid-Afrika het die nasionale ontwaking om die oersimbool van die Afrikaner, die Ossewa, geskaar en ons noem hom die Ossewabrandwag.**

En omdat die partystelsel nog altyd verdeeldheid gesaai het, voel die volksinstinkt dat die nuwe gees nie in daardie vorm gegiet moet word nie.

#### STEMBRIEF DIKKER AS BLOED

Wat het in die laaste 40 jaar die swaarste onenigheid en bitterheid tussen Afrikaner en Afrikaner gebring? Wat was die een algemene kloof wat vader en seun, moeder en dogter, broer en suster geskei het? **Manne wat saam op Spioenkop, Magersfontein en elders geveg het, saam gewond was en wie se bloed, Afrikanerbloed, in een plas vir een saak saamgevloei het — hulle het mekaar in later jare nie meer geken as Afrikaners nie, dog net as Sap of Nat, of Smelter en Gesuiwerde of wat die skeldname ook was. Nooit die Volksgenoot nie, altyd die partygenoot, of teenparty. Nie die bloed wat deur Gods ewige bestiering in sy are geplaas is nie, dog die stembriefie wat een of ander partypers van hom afkonkel. Die stembriefie was in die partystelsel dikker as Afrikanerbloed.**

**Ons in die Oossewabrandwag weier om ons mede-Afrikaner te ken net as oud-Sap of oud-Nat, of H.N.P. of Afrikanerparty of Pirow-groep of wat ook al. Ons wil net volksgenote ken.**

As 'n verpletterende voorbeeld van partyverbittering en verblindheid noem ek u die geval van die bespreking in die Senaat oor Stormjaers en verdagte saboteurs. Dit is 'n tragedie wat elke Afrikanerhart moet pynlik aandoen. Die persone wat in hierdie tragedie betrokke is, is almal Afrikaners, almal Nasionaal, almal Republikeine. In verband met jong Afrikaners wat in die tronke al maandelank sonder verhoor aangehou en mishandel word, het senator Van Schalkwyk 'n beroep op die Minister van Justisie gedoen om hulle nou tog maar te laat loop. Sy mede-republikein wat egter nie om dieselfde partyvuurtjie met hom sit nie, senator Brückner de Villiers, kom toe op die been en spreek as volg die Minister toe (ek haal aan uit Hansard, Senaat 18 April 1942, bladsy 2437): **,,Laat hulle gestraf word, laat hulle nie los ten einde dat een van ons Senatore kan rondgaan en aan die mense in die kiesafdeling kan verkondig ,,Ek het dit bewerk dat daardie persone almal losgelaat is'' om sodoende te help dat die teenkandidaat van ons party in die belang van die Regering gekies kan word.''**

Voorts sê hy: ,,My vriend het gegaan om hierdie mense los te kry sodat hy kan uitlaat ,,Ek het hierdie en daardie persoon losgekry'' om sodoende die teenkandidaat van ons Party verkose te kry.''

**Het hy dan nog nooit gehoor dat mens iets uit liefde vir jou mede-Afrikaner of medemens kan doen nie? Werk 'n politicus dan NET vir stemme?**

U begryp, die mede-Afrikaners in die Empire se tronke sit daar om politieke redes, **SOLDATE VAN DIE REPUBLIEK**, en 'n gewaande republikein vra 'n Empire-Minister om hulle te straf **—anders kan sy party stemme in 'n kiesafdeling verloor! Sy belang is nie in die soldate van die Republiek nie, dog in die stembriefies van sy kiesers, blank of gekleurd, Jood of Christen. Want die stem van elke kleurlingkieser weeg net so swaar as dié van die Eerste Minister.**

#### SY MAJESTEIT SE OPPOSISIE

Dan gaan hy verder en sê dat daar was altyd en sal altyd partye wees. Ek siteer: ,,Daar is nog altyd gewees sy Majesteit se Regering en sy Majesteit se opposisie''. Hoor so 'n republikein, wat altyd lid van òf sy Majesteit se Regering òf sy Majesteit se opposisie wil wees!

**Laat my die Ossewabrandwag se houding uiteensit: Ons is werklik republikeins en nie net ,,patypolitiek-republikeins'' nie. Ons is nie geïnteresseerd in sy Majesteit se Regering nie, ons is nie geïnteresseerd in sy Majesteit se Opposisie nie. En behoudens alle menslike welwillendheid teenoor sy persoon, is ons nie geïnteresseerd in sy Majesteit self nie. Hoe kan 'n Republikein, wie dit erns is, enige belange hê aan die Kroon, behalwe in die verwydering daarvan? En as die soldate van die Republiek, is dit ons dodelik erns.**

(Vervolg op bls. 2)

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

GEBRUIK

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n Produk van*
LEVER BROERS.

## *Kragtige Rede oor Volkseenheid*

(Vervolg van bls. 1)

Maar dis nie net senator De Villiers wat glo dat daar altyd partye moet wees nie. **Ook dr. Malan het definitief sy prinsipiële gehegtheid aan die partyverdeeldheid betuig toe hy op 25 Maart verlede jaar op Stellenbosch gesê het dat die essensiële kenmerk van die Nasionaal-sosialisme is dat dit net een party toelaat. En hy het toe bygevoeg dat ons kinders van die reg van protes is en soiets nie kan verdra nie.** Ek wil nie op sy definisie van Nasionaal-sosialisme ingaan nie, wat ek erg oppervlakkig vind, **maar ek haal dit aan om u te toon dat dr. Malan glo in verskillende partye, d.w.s. in 'n stelsel wat broer teen broer en buurman teen buurman in politieke vyandskap organiseer.**

**Die Ossewabrandwag glo nie meer in daardie georganiseerde vyandskap wat hulle die partystelsel noem nie. En ons ontken te enemale dat dit Afrikanertradisie of Afrikanertoekoms is.** In ons kortstondige volksbesetaan het ons net eenmaal die kans gehad om onsself uit te leef en ek vra u, sowel as dr. Malan, **wie was die leier van die opposisie in die Volksraad van president Kruger? Of wat was die naam van die party wat in president Steyn se tyd die regering van die Vrystaat gestel het?**

### ONDER DIE PRESIDENT

Ek weet dat generaal Joubert die teenkandidaat van President Kruger was by die Presidentsverkiesing en dat Kruger verkose is. Maar ek moet nog leer dat generaal Joubert daarna die leier van die opposisie moes word. **Inteendeel weet ons dat hy Kommandant-generaal, d.w.s. hoof van die Weermag, in President Kruger se regering geword het.**

**Nee, die partystelsel het met die Union Jack die land ingekom en ons wil hom met die Union Jack die land uitstuur.** En as ander mense dit Nasionaal-sosialisme noem, dan versterk hulle net die gedagte dat daar vir Nasionaal-sosialisme heelwat te sê is.

**Wat ons betref, ons staan vir 'n partylose gesagstaat waar ons die volksgenoot as broer of suster kan raaksien en nie net as ondersteuners van sy Majesteit se Regering of sy Majesteit se Opposisie nie.**

En as dr. Malan se ideaal van die Republiek 'n eindelose reeks protesvergaderings is waar almal op goeie demokratiese manier protesteer en verder niks doen nie, soos met die inlewering van gewere, dan sê ons dat die Ossewabrandwag meer konstruktiewe bedoelings het.

**Maar dit is juis omdat die Ossewabrandwag die stukrag van die Nuwe Tyd is, van dié van die nasionale herlewing wat ook die hele Europa van die kapitalisme en die sogenaamde demokrate bevry het, dat al die demokratiese partybelange vandag teen ons saamspan.**

Teen ons staan die georganiseerde geldmag soos gekonsentreerd in die industrie en in die Pers. Met die uitsondering van ,,Die Vaderland'', wat ten minste ons saak met ander sake rapporteer, is elke dagblad, Afrikaans, Engels of Joods in die hele Unie fel teen ons gekant. Ons staan elke oggend en elke aand onder hul vuur en venyn. Ons het teen ons 'n horde van geoefende sprekers wat vry op al die treine reis dwars en kruis om die Ossewabrandwag te breek, parlementslede en L.P.R.'s, ons het teen ons die waarheidsleër en ook die hele masjinerie van die staat met al sy speurders en Noodregulasies en tronke en konsentrasiekampe — **en na jare en maande van bitterste aanvalle staan die Ossewabrandwag nog as die ruggraat van die republikeinse Afrikanerdom.**

### STERKER AS SY MAJESTEIT SE MAGTE

Kan u my 'n enkele beweging noem wat die innerlike weerstandkrag het om deur te maak wat die Ossewabrandwag deurgemaak het? En van een ding kan die volk ook verseker wees. Dat met die hele geldmag teen ons gaan die Ossewabrandwag nie later handlanger van die kapitalisme speel nie. **Ons vra vir die kapitalisme nie asseblief nie en ons sê vir hom nie dankie nie. Ons skuld hom net mokerhoue.**

Ek daag dr. Malan of generaal Smuts uit om twee weke lank die gekonsentreerde persmag teen hulle te hê, en dit politiek te oorleef. **Maar die Ossewabrandwag oorleef dit al maande en jare lank. Omdat hy weet dat hy dra in sy boesem die hoop en die diepste verwagting van die Afrikanerdom en dat hy later voor die regbank van die geskiedenis moet rekenskap gee van wat hy gedoen het en wat hy gelaat het. Hy word belaster, bedreig, en aangeval deur beide Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie en alles wat sy Majesteit s'n is — en hy stryk vorentoe, die soldate van die Republiek.**

Om te wys hoe teen ons saamgespan word: In Bloemfontein het van ons mense in die tronk gesit, verdagte saboteurs. Geen O.B.-man kon hulle sien nie. Selfs hul eie prokureur was geweier om hulle te spreek. Maar die Provinsiale leier van sy Majesteit se Opposisie, Advokaat C. R. Swart, kom in hul selle, ongevraagd, en sê hy het spesiale vergunning van die Minister van Justisie, sy Majesteit se Minister, om hulle te besoek, waar hul eie prokureur belet word. Waarom gee dr. Steyn aan adv. Swart spesiale permissie wat aan die O.B. of selfs aan 'n prokureur geweier word? Omdat hy weet dat hulle een gemeenskaplike strewe het as partymanne, naamlik om die partylose Ossewabrandwag te breek.

En dan fluister hulle dat **ons** skakel met die Regering!

Nee, met al hul onderlinge jaloesiekies en ambisiekies het hulle tog almal dit gemeenskaplik **dat hulle vaskleef aan 'n gedoemde stelsel en moet saamspan teen alles wat nuut en partyloos nasionaal is.**

En daarom sit die tronke en kampe vol van hul gemeenskaplike vyande, naamlik die Ossewabrandwag.

Terwyl hulle met mekaar baklei oor betaalde setels, laat hulle een setel aan die Ossewabrandwag oor — die konsentrasiekamp te Koffiefontein. Dit is al setel wat die O.B. verower het en dit was ongeopponeerd. Die Party het — sover ons weet — nie 'n kandidaat gestel nie.

### NUWE DRYFKRAG

Nee, die Ossewabrandwag bring 'n nuwe dryfkrag in ons volkslewe. En hy dryf op 'n Christelik-nasionale republikeinse Gesagstaat, nasionaal en tewens sosiaal van aard.

Ons glo nie net in die sentimentele sy van ons nasionalisme nie maar ook in sy ekonomiese en sosiale sy. **As ons ekonomiese probleme pak, dan gaan ons uit van die standpunt dat wat vir die volk goed is, reg is en wat vir die volk sleg is, verkeerd is. En Volksbelang voor Eiebelang.**

Om 'n voorbeeld te noem. Dit raak ons minder of die myne goeie diwidende afwerp. Maar dit raak ons diep of die mynwerker gesond en goed gevoed en behuis is. En as ek dit sê, moenie my verkeerd verstaan nie. Die Ossewabrandwag vry nie na die myner se stembriefie nie. **Hy stel belang in die mynwerker as volksgenoot, as draer van die Afrikanerbloed.** En agter die mynwerker sien hy 'n vrou en kindertjies en nog ongebore geslagte van Afrikaners. En dit help nie om te verwag dat die kinders en kindskinders wat nog moet kom, 'n gesonde volk moet wees as die vaders vandag geknak en gebreek moet word terwille van een of ander diwidendhouer oorsee of elders nie.

En soos met die mynwerker, so met die boer en die klerk en die arbeider en amptenaar, die konstabel, die soldaat, en wie ook. Oral sien ons nie die Afrikaner se toevallige ambag of werk nie, maar die Godbepaalde bloed in sy are.

En as ander mense dit Nasionaal-sosialisme noem — ons noem dit Christelike ordentlikheid en broederliefde en Ossewabrandwag. Op die vraag ,,Ben ik mijns broeders hoeder'' antwoord ons ,,ja''. Daarom sê ons ook dat ons staat nasionaal en tewens sosiaal van aard moet wees. **Nasionaal omdat ons broederskap erken en sosiaal omdat ons hoederskap erken.**

Daarom staan ons vir 'n Christelik-nasionale Gesagstaat, nasionaal en tewens sosiaal van aard, gebou op plig en broederliefde na binne en wat sy buitelandse betrekkings betref vriendskaplik teenoor almal maar veral teenoor volkere wat dink soos ons dink en voel soos ons voel, ook oor die verskeidenheid van die rassegroepe in die mensdom.

En in die strewe na hierdie waaragtig Christelik-nasionale doel sal ons ons nie laat stuit deur tronke of kampe nie, nòg deur sy Majesteit se Regering nòg deur sy Majesteit se Opposisie, nòg deur sy Majesteit self.

*Die Trop Afrikaners . . . .*
**VENTERS**
Algemene Handelaars
Teekamer en Garage
van CAPITOL PARK
(Foon 2-6614)
Is My Handelsplek

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!
*Fondse oorskry £1,800,000.*
**Hoofkantoor:**
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

GEVRA
50,000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.
VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan,* *Stellenbosch.*

# Die Ossewabrandwag en die Nasionale Pers

## *O.B. het die Stryd Gestaak, maar Wag nog op Direksie*

Soveel verdraaide voorstellings met betrekking tot die verhouding van die Ossewabrandwag tot die Nasionale Pers vind plaas dat dit nodig is om hierdie aangeleentheid te verduidelik.

As gevolg van die gedragslyn deur die Pers gevolg, is uiteindelik en wel op 27 Jan. 1942 'n brief aan die Direksie gerig waarin o.a. die volgende verklaar is:

,,Diegene wat met u leiding verskil . . . is ook intekenaars op u blaaie en ander uitgawes en is ook aandeelhouers. En dit is teen hulle wat die verbitterde stryd deur u blaaie voortgesit word . . . .

,,Op die jongste vergadering van die Beheerraad (22 Jan.) het die verteenwoordigers van die also beledigde lede van die O.B. op hul aandrang eenparig opdrag aan die Dagbestuur gegee om u mee te deel dat as u nie ophou en voor of op 2 Februarie die versekering deur middel van die pers gee dat u nie langer sal voortgaan met hierdie aantygings en valse voorstelling van feite nie, offisiere, **sonder bevel van die Hoofkwartier, alle O.B.-lede sal versoek om** hul ondersteuning aan al u uitgawes te onttrek . . . .''

,,Daarom bring die Hoofkwartier bostaande feite langs hierdie weg onder u aandag en in die hoop dat waar die pers op belangrike beginselpunte van dié van die O.B. verskil, u pers hom alleen daarby bepaal. Van die kant van die O.B. sal dieselfde beleid gevolg word wat u verkies om te volg.''

Hierdie waarskuwing is meteens deur Die Burger as 'n ,,boikot'' bestempel en die bewering is versprei dat die O.B. nou die Nasionale Pers wil doodmaak.

Hierop het die Hoofkwartier, Kaapland, o.a. as volg geantwoord:

,,As die Dagbestuur se waarskuwing aan u gerig met betrekking tot die houding van lede en offisiere en dat hul dreig met onttrekking van hul ondersteuning, ,boikot' is, dan is dit seer seker ook ,boikot' van die menings en verklarings wat O.B.-leiers u vir plasing aangebied het en deur u geweier is. Dan is dit seer seker ,boikot' van die O.B. in die ergste graad die beroepe in u hoofartikels gedoen op Nasionaliste om vir die Ossewabrandwag te bedank.''

**Eers het Die Burger begin om stukke vir die O.B. te weier en die O.B.-lede aangespoor om te bedank,** en toe die O.B.-lede van hul kant optree, is dit ,,boikot'' genoem.

Kort voor die algemene aandeelhouersvergadering het die O.B. hom op die aandeelhouers beroep om in te gryp en 'n einde aan hierdie getwis te maak, **en daarby 'n beroep op O.B.-lede gedoen om alle optrede teen die Nasionale Pers te staak.**

Hierdeur is die volle verantwoordelikheid vir die taak wat 'n volkspers in die volkslewe behoort te vervul, **op die skouers van die Direksie geskuif om hom nogeens die geleentheid onbelemmerd te verskaf om 'n volk wat hy verskeur het, bymekaar te bring.** Daarvoor sal hy die volle steun en medewerking van alle O.B.-lede kry as hy die taak waarvoor hy (die Nasionale Pers) in die lewe geroep is, maar net aanpak in plaas van die twis ten behoewe van 'n paar beroepspolitici voort te sit.

Wat die werklike posisie op die huidige tydstip is, **is dat die Pers nog steeds volhard in sy ingeslae weg van bittere vyandskap teenoor die Nasionaalgesinde Afrikanerdom binne die O.B., terwyl die O.B. van sy kant, soos hierbo verduidelik, die stryd gestaak het om sodoende die Direksie se houding teenoor die volk duideliker te laat afsteek by dié van die O.B.-leiding.**


# DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

## *Uitgewers en Boekhandelaars*

### DIE LIEF EN LEED VAN ONS GESLAGSLEWE.

(Deur Prof. D. W. A. Willemse.)

Hierdie is 'n opspraakwekkende boeksensasie: Die eerlikste en moedigste werk in Afrikaans wat oor 'n onderwerp dusver met veel skuheid en preutsheid benader is. Die intiemste aspekte van die menslike geslagslewe. Openhartig en sonder om doekies om die waarheid te draai. Die boek is geskryf in 'n gees van hulpvaardigheid, om aan duisende wat met die lewensbelangrike probleem stry, lig en rigting te gee. Slegs vir volwassenes bedoel.

Prys: 6/6 Posvry.

### DIE SUIGELING EN VOORSKOOLSE KIND.

(Deur Mev. M. E. Theron.)

In sy voorwoord sê dr. G. W. Eybers: Hierdie boek is dan ook by uitstek en in die eerste instansie 'n moeder se boek, geskryf deur 'n vrou wat nie alleen ryke ervaring opgedoen het met die versorging en opvoeding van kinders gepaard ook deur 'n moeder wat besondere verstand het van 'n moeder se probleme. Die warm-simpatieke gees waarin sy oor die kind skryf, sal die leser meteens opval. Die hele kind word in oënskou geneem, en daar word ADVIES gegee wat GOUD werd is. Hierdie belangrike werk handel oor die gesondheid en geluk van die moeder, oor die liggaamlike versorging van die klein kind, oor die ontwikkeling van sy persoonlikheid, oor die groei van sy karakter en oor die aankweek van beskaafde lewensgewoontes.

Prys: Slegs 5/6 Posvry.

Bestel van:

**Die Afrikaanse Pers-Boekhandel,**

**Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg**



# Schoemannello-Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142, OUDTSHOORN.**



# MARKAGENTSKAP

## Vroeë Môre Mark

**KAAPSTAD**

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***

**Beste Heersende Pryse.**

***MINNAAR & VAN SCHOOR.***

**Eienaar: Gustav Retief.**

**Telefoon 2-0212.**


*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

DIE O.B., WOENSDAG, 1 JULIE 1942.

# Dan Sonder Hulle

Met die glasheldere uiteensetting van die magtelose kleinlikheid van die partypolitieke stelsel deur die Kommandant-generaal op Springs verlede week as agtergrond sal dit vir elkeen duidelik word waarom daar geen volkseenheid in republikeinse geledere kan kom op 'n tydstip so gewigtig dat selfs die skeurders ronduit bely dat ons die republiek nooit sonder eenheid kan verwesenlik nie.

Die wêreld staan vandag te midde van 'n radikale omwenteling. Daar is 'n proses aan die gang van wegbreking van die oue na 'n nuwe andersoortige bedeling. Ons kan die twee wêreldordes bepaal deur die oue te noem die tydperk van die **enkeling** en die nuwe die tydperk van die **volk**.

**Die Oue.**

In die ou bedeling van liberalistiese demokrasie was dit die enkeling wat byna tot 'n god verhef is. Individuele vryheid en individuele genot was die uitgangspunt van alle norme. Die staat was daar terwille van die enkeling se geluk en ander enkelinge sowel as die volk was daar terwille van die enkeling se genot. As die een enkeling oor 'n vermoë beskik om 'n ander enkeling aan hom te onderwerp sonder gebruikmaking van uitwendige dwang, was dit goed en reg en is die staat se hulp selfs ingeroep om so 'n verhouding van verslawendheid te wettig. Die vrye wil van die enkeling om ander uit te buit en die vrye wil van die enkeling om die slaaf van ander op ekonomiese of sedelike gebied te word, was die towerstaf wat moes dien om onreg om te tower tot reg en onsedelikheid tot sedelikheid.

Dit was die heerskappy van die enkeling. Daarom kon geen regering die septer swaai nie tensy hy van die enkeling per stembriefie magtiging daartoe ontvang. Die man wat wou regeer, moes 'n veldtog organiseer om die grootste aantal enkelinge met hul toevallige vrye wil agter hom te mobiliseer. Die man wat op 'n bepaalde tydstip daarin slaag om deur middel van misleiding, mooi beloftes of vreesaanjaging meer enkelinge ,,rotsvas'' agter hom te versamel as enige van sy teenstanders, verkry die reg om in die kussings te kom. Soms gebeur dit selfs dat hy nie eers die helfte van die bevolking agter hom het nie deur dat sy twee of twee-en-veertig teenstanders die res van die bevolking tussen hulle in twee of in twee-en-veertig groepe verdeel het. Maar in demokratiese taal heet dit dat hy die meerderheid van die volk agter hom het en namens die volk regeer.

**Die Volk.**

Van 'n volk as 'n organiese eenheid was daar geen sprake nie. As van 'n volk gepraat word, is daarmee op sy wydste bedoel die versameling enkelinge. Gewoonlik was die betekenis egter beperk tot die groepie volgelinge wat ,,rotsvas'' agter een of ander partyleier staan. **So het 'n staatsman soos dr. Salazar van Portugal moes kla dat as een party aan bewind kom, dan is die ander volksgenote wat lid van ander partye is, behandel soos vreemdelinge in hul eie vaderland. Ook ons is bekend met hierdie euwel.**

Dit is van hierdie stelsel en geestesrigting wat daar vandag dwarsdeur die beskaafde wêreld weggebreek word na 'n nuwe bedeling waarin daar geen plek meer sal wees vir die afgod Enkeling nie, maar waar daar weer liefde en gesag sal heers en waar die vryheid van die enkeling vervang sal word deur die bande van bloed en reg.

**Die Moeilikheid.**

**Die Boerevolk het reeds sedert die Eeufees getoon dat hy reikhalsend uitsien na hierdie nuwe bedeling waarin broederskap en hoederskap weer erken sal word. Die bewys daarvoor was die toestroming by die honderdduisende tot die Ossewabrandwag as die draer van die nuwe gedagte.**

Maar nou het dit gebeur dat daar nog manne is wat hul lewensberoep gevind het in die ou orde van stemmevangery, mense wat nog reken in terme van enkelinge en van stembriefies, die sogenaamde verpolitiekte Afrikaners. Hierdie manne het die vryheidstrewe van die Afrikaner verkeerdelik vertolk as **staatkundige** vryheid los van die Britse **Empire** in plaas van **volksvryheid** los van die Britse **demokratiese gedagtegang.**

Aanvanklik het dit gelyk of hulle eerlik van voorneme was om die Britse demokrasie met die Britse demokrasie te probeer uitwerp en was die O.B. bereid om hulle in die onmoontlike taak te steun. Hierdie indruk is verskerp toe hulle hul volgelinge aangeraai het om by die nuwe volksbeweging, die Ossewabrandwag, aan te sluit. **Later het dit egter duidelik geword dat hierdie manne nog so vaskleef aan die ou liberalistiese demokratiese partystelsel dat hulle hul geroepe gevoel het om die oorlog te verklaar aan die draer van die nuwe gedagte juis omdat hy dan die partystelsel in die ban wou doen.**

**Sonder Hulle?**

Dit het toe duidelik begin word dat die omwenteling ongelukkig nie met behulp van hierdie verpolitiekte Afrikaners van die ou orde bewerkstellig kan word nie. **Hulle kleef nog vas aan die oue wat ons wil vernietig, hulle is nog geworteld in die oue wat ons wil ontwortel. Ons kon nie die oue beveg en vernietig sonder om hulle seer te maak nie.** Hulle het seer gekry en daarom oorlog verklaar. Hulle erken self dat ons hulle ondermyn **omdat ons teen die partystelsel waarsku.** Die fout wat hulle egter maak, is dat ons hulle nie ondermyn **deur middel** van die partystelsel aan te val nie, maar **omdat** ons die partystelsel aanval waaraan hulle verkies om vas te kleef.

Dit het nou duidelik geword dat ware eenheid alleen gevind kan word op die grondslag van 'n gemeenskaplike geestesrigting en daardie geestesrigting is wegbreking van die ou verrotte liberalistiese stelsel **en die aanvaarding van die partylose gesagstaat as eiendom van die Afrikanerdom.**

**Voordat hierdie verpolitiekte Afrikaners nie bekeer raak tot die nuwe gedagte van Christelike nasionalisme wat in 'n Afrikaner nie 'n potensiële stem sien nie, maar 'n broer wie se hand terwille van liefde gevat moet word, kan ons wel ooreenkomste op skrif bereik, maar ooreenstemming nooit. Tot tyd en wyl hulle die nuwe standpunt saam met hul volk aanvaar, sal die volk die omwenteling sonder hulle, ja selfs ten spyte van hulle, moet bewerkstellig.**

## GEDUINKERK

**Op sy vergadering in Springs het dr. Van Rensburg verklaar dat dr. Malan hom verlede jaar 'n persoonlike gelukwensing gestuur het toe besluit is om die amptenare servolle ontslag te verleen. Tans sê dr. Malan in Johannesburg dat die O.B. in verband met die amptenare geduinkerk het!**

## Voorligting Insake Fondsdag

In 'n omskrywe aan hoë vroue-offisiere in verband met 8 Augustus doen genle. J. S. du Toit, wat in beheer gestel is van die onderneming, 'n beroep op die O.B.-vroue om, aangesien dit die eerste Uniale optrede is, 'n wonderdag daarvan te maak.

Met betrekking tot die uitlowing van pryse verklaar sy dat soiets altyd 'n groot aantrekkingskrag het. Daarby moet onthou word dat 'n pennie gespandeer moet word om 'n pond in te bring.

In verband met die opveiling van skilderye wat aan Kaapland geskenk is deur komdte. Ferguson-Louw, wys sy daarop dat geen bieder hoër as 1/- op 'n keer mag gaan nie. Die een wat sy bod op die vooraf bepaalde tydstip doen, sal die skildery kry.

Waar aanbiedinge van vee en plaasprodukte (kool, aartappels, ens.) ontvang word, sou dit wenslik wees om die gewer te versoek om liewer die vee of produk op die plaaslike mark ten behoewe van die fonds te verkoop, tensy die offisier oortuig is dat dit groter winste sal oplewer deur dit uit die hand te verkoop.

Genle. Du Toit stuur £1 aan elke V.A.R.-lid as 'n deel van die £20 wat sy vir die dag van iemand ontvang het, in die hoop dat daarmee so gewoeker sal word dat die £20 tot £120 verwerk sal word.

## TAK SE LEWE HANG AAN EEN STEM

Op 18 Junie het tak 3 van die H.N.P. in Senekal by geleentheid van sy jaarvergadering 'n mosie om te ontbind met 21 stemme teen 20 verwerp. Drie persone wat teen ontbinding gestem het, was op daardie tydstip geen lid van die tak nie. Vyf-en-twintig lede van die tak het bedank en voer as rede aan dat hulle weier om lede te bly van 'n Party waarin hulle slegs stemvee is en geen reg het om in die besture te dien nie.

Op ander reorganisasievergaderings van die Party was die opkomste so klein dat die besture in sommige gevalle nie ordentlik saamgestel kon word nie, met die gevolg dat 'n aantal takke verval het.

## KNOPIES VIR 8 AUGUSTUS

Genle. Du Toit doen 'n beroep op alle O.B.-lede om op 8 Augustus 'n knopie van die Kommandant-generaal as kenteken te dra. Die knopies kan van die Hoofkwartier bestel word deur kommando's en met wins die dag verkoop word. Sy doen ook aan die hand dat afdrukke van die K.G. se portret op papier as plaasvervanger van die knopie verskaf moet word. Dit kan teen 'n heelwat laer prys van die hand gesit word.

Verder word Kommando's versoek om soveel as moontlik O.B. vlae en vaandels aan te skaf vir die dag.

## HOE DIE PARTY GROEI!

Die Herenigde Party gaan, volgens berigte in die koerante en uitlatings van politici, van krag tot krag steeds voort. In Die Burger van 13 Junie word melding gemaak van die groei van 'n partytak in Tuine. Dit lui:

,,Uit die jaarverslag blyk dat die tak 'n groot aantal lede bygekry het in die jaar. **Die tak se heel jongste lede is dr. en mev. D. F. Malan en mnr. en mev. F. C. Erasmus.''**

So groei hulle!

K·W·V



U Moet Hierdie BOTTELS Terugstuur

Weens die tekort aan bottels is dit nou vir u nodig om u leë K·W·V-reukwaterbottel na u handelaar terug te stuur voordat u verdere voorrade kan verkry.

Deur hierdie handelwyse te volg, sal u altoos daartoe in staat wees om K·W·V-reukwater te ontvang en u sal daartoe bydra om 'n belangrike Suid-Afrikaanse nywerheid aan te help.

K·W·V

(Koöperatiewe Wynbouersvereniging van Suid-Afrika, Beperk)

Die Paarl, K.P.

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerder:
H. . NIEHAUS,
Posbus 2106, Kaapstad

# HULDEKRETE VOOR DIE TRONK

## KOMMANDANT-GENERAAL IN BLOEMFONTEIN

**BLOEMFONTEIN, 17 Junie.—'n Spontane huldebetoging jeens ses Bloemfonteinse persone wat tans in die plaaslike tronk aangehou word sonder opgawe van redes deur die Polisie-owerheid, het vanaand na afloop van 'n goed bygewoonde vergadering wat deur die Kommandant-generaal toegespreek is, plaasgevind. Sowat 700 manne en vroue wat o.m. die vergadering bygewoon het, het naamlik na die tronk in gelid opmarsjeer en voor die hekke enkele besielende liedere gesing om die gevangenes te laat weet dat aan hulle gedink en met hulle gevoel word.**

Die ses manne is die A.K.G. van die Vrystaat, generaal C. L. de Jager, hoofkommandant D. J. W. Maree, kommandant C. J. I. Fourie, veldkornet Fred Kolbe, en mnre. Schalk van der Merwe en R. Groeneveld.

Aan die spits van die optog wat statig in drieë deur Harveyweg en Soeloestraat gegaan het, was die Kommandant-generaal met die Ossewabrandwag-vlag langs hom. By die tronk het die optog voor die hekke tot stilstand gekom. Die vroue het in die hekke en die mans langsaan gestaan toe ,,Die Stem van Suid-Afrika'' in die stilte van die aand aangehef is. Dit was 'n plegtige oomblik — op die uithoek van die stad, naby die straat wat die stadsowerheid vroeër wou vereer met 'n Voortrekkernaam.

Nadat ,,Komt treën wy dan gemoedigd voort'' deur almal teenwoordig saam gesing is, is huldekrete aangehef. Ordelik het die optog hierna in gelid al singende teruggegaan na Selbourneplein waar die vergadering vroeër in die aand gehou is, waar die K.G. die vergadering verdaag het.

Die vergadering wat onder voorsitterskap van generaal A. F. Schmidt plaasgevind het, is toegespreek deur waarn. A.K.G. J. F. van der Merwe, generaal mev. C. Meyer, vroue-hoofoffisier in die Vrystaat, en Kommandant-generaal J. F. J. van Rensburg.

Die verrigtinge is met gebed geopen deur die veldprediker in die Vrystaat, kommandant ds. P. Boshoff. 'n Flinke erewag van 100 man en 100 vroue is opgestel toe die K.G. en gevolg hul verskyning gemaak het.

Daar was ongeveer 1100 mense ondanks die bittere koue weer. Die Volksblad het 'n advertensie vir die vergadering geweier, terwyl daar talle advertensies ten behoewe van die oorlogsfonds en Joodse besighede daeliks in hom verskyn.

Ons merk egter dat Die Burger die vergadering wil verkleineer deur te meld dat daar slegs 300 mense was. Van die meer as tweeduisend mense wat die Vryheidsviering indertyd op Bellville bygewoon het, het hierdie blad ook maar net 500 raak gesien. Vir mense wat die Bellvillse vergadering bygewoon het, is dit dus heel maklik om uit te reken hoeveel mense op Bloemfontein was — daar is 'n vaste formule voor, net soos vir die Britse skeepsverliese!

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

Ondersteun ons Adverteerders.

**HUISHOUDSTER — KOK**
GESOND, intelligent en goedgehumeerd vir klein familie. Aanvangsalaris £4 p.m. met vry inwoning. Stuur applikasie met getuigskrifte aan mev. du Toit, Posbus 28, Stellenbosch.

**SASBANK**
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**O.B. Almanak vir 1942**
'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.
Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.
Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.
PRYS 9d. POSVRY
6/- PER DOSYN
O.B. MUSIEKBUNDELS
2/6 elk, 3/6 insluitend 'n portret van die Kommandant-generaal.
Bestel van
O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, TVL.

***£1000 vir u Oë***
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
***DUWAS***
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, Adderleystraat, Kaapstad. (Posbus 2760.)
Maitlandstraat 37A, Bloemfontein. (Posbus 765.)

**TE KOOP**
*Opreg en Suiwergeteelde*
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND BULLETJIES
en
GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME
*Pryse Billik!!*
Tevredenheid Gewaarborg.
Besonderhede van:
T. B. JORDAAN
P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.

**VAN ZYLS**
Hoofstraat - - PAARL
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
Voorsieners in Sportbenodigdhede
*SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS*
Tak ook op - PORTERVILLE

**S. J. KRYNAUW**
Algemene Handelaar en Produkte Koper.
Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke
Mans en Dames Skoene
Kruideniersware teen die billikste pryse
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 68 — Posbus 54
BEAUFORT-WES

## PROTES TEEN OPTREDE VAN SPEURDERS

Die volgende protes word geopper deur genl. mev. C. Meyer, Vroue-hoofoffisier van die Vrystaat, teen die behandeling van vroue deur speurders van die Smuts-bewind:

,,Soos ek reeds by verskeie geleenthede gedoen het, wil ek weer ten sterkste daarteen protesteer dat speurders wanneer hulle huise deursoek, ook die besittings van dames deursnuffel. Dit stuit die Afrikanervrou teen die bors.

,,Dit het gebeur dat 'n dame weier dat dit gedoen sal word, en die antwoord het gekom: ,Dan sal ons geweld gebruik.'

,,Ons wil die Regering baie dringed vra om, as Afrikaners se huise dan deursoek **moet** word, in so 'n geval 'n dame saam te stuur om die speurders behulpsaam te wees. Die vrou eis om onder alle omstandighede met agting behandel te word.''

## OOS-GRIKWALAND DRA BY

Genl. R. Rudman berig dat hy £34 van die Oos-Griekwalandse hoofkommandantskap vir die Noodhulpfonds ontvang en by die A.K.G. van Natal inbetaal het.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3,522 | 3 | 2 |
| Lys 480 Vroue-Kommando Dordrecht .. .. | 1 | 2 | 6 |
| Maandelikse bydrae Vroue-Kommando Nieuwoudtville | 1 | 7 | 6 |
| Mev. W. F. Spies Worcester .. .. .. .. .. .. | 1 | 15 | 9 |
| Manne- en Vroue-Kommando's, Keimoes lyste 256, 257 en 40 | 4 | 16 | 6 |
| Lys 373 Vroue-Kommando Somerset-Oos .. | 16 | 9 | 6 |
| 2e Bydrae Vroue-Kommando Upington .. .. | 8 | 5 | 6 |
| Lys 185 Vroue-Kommando Elliot .. .. .. | 1 | 2 | 2 |
| Vroue-Kommando Worcester .. .. .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| Lys 535 Vroue-Kommando Kaapstad .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Ceres, verdere bydrae .. | 10 | 16 | 6 |
| Hottentots Holland Vroue-Kommando, verdere bydrae | | 6 | 9 |
| | £3,573 | 5 | 10 |

TRANSVAAL. — Ontvang tot week geëindig 20 Junie:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 5,527 | 0 | 9 |
| Kwitansie 2265 Kommando 3A4 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2266 Kommando 3A5 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2267 Kommando 3A6 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2270 Generaalskap 5 .. .. .. .. .. | 20 | 0 | 0 |
| ,, 2272 Generaalskap 1 .. .. .. .. .. | 7 | 16 | 0 |
| ,, 2279 Kommando 3C2 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2280 Kommando 3C4 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2289 Kommando 3A3 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2291 Kommando 3B1 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2296 Generaalskap 2 .. .. .. .. .. | 20 | 0 | 0 |
| ,, 2297 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | 3 | 2 | 0 |
| ,, 2298 Generaalskap 1 .. .. .. .. .. | 5 | 19 | 0 |
| ,, 2299 Generaalskap 1 .. .. .. .. .. | 6 | 5 | 0 |
| ,, 2300 Kommando 3C1 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2304 Kommando 3A1 .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2308 H/kommandantskap 1C .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, 2309 Kommandantskap 1C2 .. .. | 6 | 2 | 2 |
| ,, 2310 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| ,, 2311 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | 18 | 3 | 3 |
| ,, 2312 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | 4 | 5 | 0 |
| ,, 2313 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | | 5 | 0 |
| ,, 2315 1A4 .. .. .. .. .. .. .. .. | 4 | 18 | 6 |
| ,, 2316 9A2 .. .. .. .. .. .. .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, 2317 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | 2 | 16 | 6 |
| ,, 2318 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| ,, 2319 Generaalskap 10 .. .. .. .. | 1 | 9 | 0 |
| ,, 2320 H/kommandantskap 3A .. | 2 | 0 | 9 |
| ,, 2321 H/kommandantskap 1B2 .. | 15 | 13 | 6 |
| ,, 2322 Kommandantskap 1B4 .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, 2323 Kommandantskap 1B1 .. .. | 18 | 16 | 0 |
| ,, 2324 Kommandantskap 1B3 .. .. | 11 | 15 | 9 |
| ,, 2325 Kommandantskap 1B5 .. .. | 2 | 6 | 0 |
| ,, 2326 Kommandantskap 7B1 .. .. | 27 | 11 | 3 |
| ,, 2327 Kommandantskap 4B2 .. .. | 17 | 8 | 6 |
| ,, 2328 Kommandantskap 3B1 .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, 2329 Kommandantskap 3B1 .. .. | | 3 | 0 |
| ,, 2330 Kommandantskap 4C6 .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, 2331 Kommandantskap 4C6 .. .. | 1 | 1 | 0 |
| ,, 2332 Kommandantskap 9C2 .. .. | 7 | 16 | 6 |
| ,, 2333 Kommandantskap 3C5 .. .. | | 3 | 6 |
| ,, 2334 Pretoria Hoofkantoor .. .. | 8 | 0 | 6 |
| ,, 2335 Kommandantskap 6A1 .. .. | 4 | 2 | 0 |
| ,, 2336 Kommandantskap 6A2 .. .. | 30 | 0 | 0 |
| ,, 2337 Kommandantskap 6A3 .. .. | 2 | 9 | 0 |
| ,, 2338 Kommandantskap 6A4 .. .. | 14 | 0 | 9 |
| ,, 2339 Kommandantskap 6A5 .. .. | 17 | 9 | 11 |
| ,, 2340 Kommandantskap 6B2 .. .. | 8 | 1 | 1 |
| ,, 2341 Kommandantskap 6B3 .. .. | 1 | 11 | 0 |
| ,, 2342 Kommandantskap 6B4 .. .. | 18 | 15 | 8 |
| ,, 2343 Kommandantskap 6B5 .. .. | 8 | 11 | 9 |
| ,, 2344 Kommandantskap 6B7 .. .. | 8 | 3 | 11 |
| ,, 2345 Kommandantskap 6B8 .. .. | | 8 | 6 |
| ,, 2346 Kommandantskap 6C1 .. .. | 11 | 16 | 8 |
| ,, 2347 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, 2348 Kommandantskap 6C2 .. .. | 7 | 17 | 4 |
| ,, 2349 Kommandantskap 6C3 .. .. | 11 | 18 | 0 |
| ,, 2350 Kommandantskap 6C4 .. .. | 78 | 1 | 6 |
| ,, 2351 Kommandantskap 3C6 .. .. | 7 | 4 | 6 |
| ,, 2352 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, 2353 Kommandantskap 2C2 .. .. | | 12 | 0 |
| ,, 2354 Kommandantskap 8C2 .. .. | 46 | 19 | 9 |
| ,, 2355 Kommandantskap 8A2 .. .. | 5 | 2 | 8 |
| ,, 2356 Kommandantskap 8B2 .. .. | 14 | 16 | 3 |
| ,, 2357 Kommandantskap 8A1 .. .. | 12 | 13 | 2 |
| ,, 2358 Generaalskap 8 .. .. .. .. .. | 5 | 14 | 7 |
| ,, 2360 Kommandantskap 8C4 .. .. | 8 | 14 | 0 |
| ,, 2361 Kommandantskap 8B3 .. .. | 2 | 2 | 9 |
| ,, 2362 H/kommandantskap 5A .. | 43 | 15 | 7 |
| ,, 2363 H/kommandantskap 5B .. | 14 | 2 | 9 |
| ,, 2364 H/kommandantskap 5C .. | 1 | 5 | 0 |
| ,, 2365 Veldkornetskap van Generaalskap 7 | 27 | 0 | 0 |
| | £6,174 | 13 | 7 |


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### IN MEMORIAM

ROSENLEFT. — Die 24ste Junie, dag van trane. Sterfdag van ons dierbare vader en oupa, Freddie. O, hoe mis ons u welkom groet as ons tuis kom.
Die verlangende kinders en kleinkinders:
Lodewyk en Edvigo;
Louis, Fienie en Dottie.

### BETREKKING GEVRA

HARDWERKENDE man met klein gesin, vra betrekking as bestuurder op plaas, of om 'n deel te boer. Het deeglike kennis van enige soort boerdery, asook masjienerie. Skryf aan: No. XXX, Kamer No. 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

### BENODIG

NA Julie-vakansie, O.B. onderwyseres vir twee standerd I kinders. Afrikaans medium. Salaris £8 per kwartaal, vry inwoning. Meld kwalifikasies en ouderdom: Aan D. J. Pistorius, Coalbrook, O.V.S.

### TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-estabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
**RUDMANSE EDENVALE KWEKERY,**
EDENVALE NATAL.

PRAGTIGE **Brons-Kalkoenmannetjies.** Groot en sterk, 9 maande oud. Prys **£1 stuk,** gelewer op Colesberg-aansluiting. Skrywe aan:— **J. A. MEYBURG, KLEINTOREN, COLESBERG.**

**PAUL KRUGER** muntstukke. Stelle vanaf 1d tot 2/6 teen 12/- per stel, posvry k.m.b. Skryf aan **,,DIE O.B.,'' Posbus 1411,** KAAPSTAD.

### MIELIES TE KOOP

| | |
|---|---|
| Mielies (Gr. 5 en 6) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 16/– |
| No. 1 Gemengde Mieliemeel .. .. .. .. .. .. | 17/6 |
| Ongesifte Geel Mieliemeel .. .. .. .. .. .. .. | 16/6 |
| Geel Gebreekte Mielies .. .. .. .. .. .. .. .. | 16/9 |
| Koeimeel (150 lbs.) .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 9/6 |

V.O.S. Senekal. K.M.B. plus bankkoers. **W. J. DU PLESSIS (Edms.) Bpk., Posbus 108, SENEKAL.**

### TE KOOP

1 3-SKAAR 12 duim **Moline Trekkerploeg** in goeie werkende kondisie. Prys £22-10-0. **1 Skottel Disc** vir Trekker. Skottels nog baie goed. Het agt nuwe busse nodig om te werk. Maak **,,Wild Boar.''** Prys £26. Teen hierdie pryse word dit weggegee. Kan gesien word by, of skrywe aan:— **J. G. KEMP, Bus 16, KIRKWOOD.**

### WOONHUIS TE KOOP

**'n Egte Kopie**

4 Groot Kamers, K.S.B., Groot Garage. Doen aansoek Beaufortstraat 76, Goodwood. Foon 9-8433.

### KORRESPONDENSIEKLUB

RYK of arm, oud of jonk, getroud of ongetroud, wat u amp ookal is, u kan almal aansluit by die Sonop-Korrespondensieklub en die vreugde van korrespondensie met ander. Stuur gefrankeerde koevert na Posbus 1642, KAAPSTAD.

### DANKBETUIGING

GENL. mevr. C. Meyer, Vroue-Hoofoffisier van die Vrystaat, wil graag deur middel van ,,DIE O.B.'' offisiere en Brandwagte baie hartlik bedank vir goeie wense aan haar gestuur met haar verjaardag. Spesiale dank aan die Hoofvroue van Kaapland en Natal, Hoofkwartier en V.A.R.-lede van die Vrystaat.

### NUUS!!

**VIR ENIGIETS** wat u mag nodig hê, veral **RUBBER** STEMPELS, skryf aan:—

**TAFELBERG INDUSTRIË**

**Kohlingstraat 16, Kaapstad.**

**G. A. FICHARDT, BPK.**

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 700 — **BLOEMFONTEIN** — Opgerig 1848

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

Waarom 'n mislukking van u boord maak? Of u 'n klein huis-boord, of 'n kommersiële boord van duisende bome aanplant, u verwag sukses!

Dit sal u loon om gebruik te maak van **HERHOLDT** se deskundige advies met die uitsoek van gewenste soorte. Ons geakklimatiseerde Vrugtebome word waardeer deur duisende tevrede klante vanaf Kaap tot aan Sambesi. — ,,Hulle sal beroemd wees in u boord.''

Skryf om ons geïllustreerde Katalogus en Plantgids wat 'n volledige lys bevat van die wêreld se beste vroeg, middelseisoen, en laat vrugtesoorte, en plaas u bestelling sonder versuim.

### EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| Gemaalde mis .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 29/- |
| Mis en misas gemeng (Potas-mengsel) | 39/- |
| Misas (Potas) .. .. .. .. .. .. .. .. | 39/- |

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke gelewer vry op spoor Klipplaat-Stasie. Die mis is droog hamermeul-gemaald spesiaal voorberei vir kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. **Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. K.m.b. of k.b.a.**

**B. J. ROODE**

**Posbus 15 KLIPPLAAT**

***AFRIKANER-KLEREMAKER!***

Foon 5-1486

● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal

**N. C. KOCH**

**Soutrivierweg 52 — Soutrivier**

**Foon 62 Posbus 53**

**HEILBRON**

**OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat**

**BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.**

**DIE MODERNEWINKEL**

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN

**DAMES-ROKKE**

besoek

**Steyns**

**PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.**

**DIE GOEIE HOOP**

**(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.**

**Voortrekkerweg, Bellville. Foon 9-7184.** — V I R — **Hoofweg, Durbanville. Foon 60.**

KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

**O.B. - Skryfblokke**

Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.

Bestel by:

**O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.**
**Kamer 916,**
**GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.**


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.